

BYVOEDING VAN DRAGTIGE EN LAKTERENDE OOIE



INLEIDING

Hoe meer lammers per ooi gespeen word, hoe meer ekonomies is kommersiële skaapboerdery. Heelwat ingrepe kan deur boere gedoen word om so 'n hoog as moontlike speenpersentasie te verwesenlik. Ons dink hier aan byvoorbeeld koggelramme en prikkervoeding by ooie, asook kruipvoeding by lammers. Korrekte byvoeding in die periode net voor, en net na lam, kan ook 'n groot effek op speenpersentasie hê. Inteendeel, die voeding van ooie gedurende laatdragtigheid is die belangrikste enkele faktor wat die lewenskragtigheid van lammers met geboorte, asook hulle daaropvolgende groei beïnvloed. Die fokus van byvoeding tydens hierdie periode is direk op die ooi, maar ook indirek op die lam gerig. Eerstens moet aan die ooi se behoeftes voorsien word tydens die laaste gedeelte van dragtigheid om 'n swaar genoeg lam, of lammers te verseker. Tweedens moet bies- en melkproduksie gestimuleer word om gesonde, vinnig groeiende lammers, te produseer.

Lammers trek dus direk voordeel uit die korrekte voeding van die ooie.

VOOR-LAM PERIODE

Voeding tydens laatdragtigheid speel 'n sleutelrol in lam geboortegewig, uier ontwikkeling en bies produksie. Vyftig persent van fetale groei vind plaas tydens die laaste vier weke van dragtigheid. Vir ooie met meerlinge is dit gekoppel aan 'n stelselmatige afname in rumenvolume, soos die fetusse groei, wat 'n verlaging in voerinnname tot gevolg het. Om die gevolglike tekort aan voedingstowwe aan te vul, is die voer van gekonsentreerde energie en proteïen bronne noodsaaklik. As daar in gebreke gebly word om aanvullings te verskaf kan, veral vir ooie met meerlinge, laer lam geboortegewigte en onvoldoende biesproduksie die uiteinde wees. Beide hierdie faktore het 'n groot invloed op na-geboorte mortaliteit van lammers.

Energie, in die vorm van glukose, speel 'n baie groot rol in die hoeveelheid bies wat geproduseer word. Waar ooie op weidings geen aanvulling kry nie, is die vlakke van glukose wat beskikbaar is vir biesproduksie baie laag, aangesien ruvoer nie glukose verskaf nie. Graan aanvullings (stysel) verhoog egter die ooi se bloedvlakke van glukose. Weens die beskikbaarheid van glukose word meer laktose gevorm, wat biesproduksie verhoog. Om meer melk te kan produseer, ontwikkel ooie wat meerlinge verwag se uiers meer as enkellam ooie. Graan aanvulling help dus om die energie te verskaf om hierdie uiers vol te kry. Energie aanvulling, in die vorm van graan, het ook tot gevolg dat bies minder taai is. Nog 'n funksie van energie aanvulling is om nie-proteïen-stikstof (NPN) benutting van rumen-organismes te verbeter. Die ooi maak dus beter gebruik van die stikstof bronne wat aan haar gebied word. Die konsentrasie van hormone wat betrokke is by uierontwikkeling word ook deur die aanvulling van energie, in die vorm van grane, gestimuleer.

Proteïen aanvulling, in die vorm van nie-proteïen-stikstof (NPN) en natuurlike proteïen, is noodsaaklik tydens die laaste 3 weke voor lam. NPN word deur die rumen organismes gebruik om proteïen te vorm vir vermeerdering. Die hoofdoel van NPN is dus om te sorg vir 'n optimale rumen omgewing, wat effektiewe vertering van ruvoer tot gevolg het. Natuurlike proteïen moet gedurende hierdie tydperk hoog in verbyvloei-proteïen (VP) wees om te kompenseer vir die ooi se kleiner rumen volume. Verbyvloei-proteïen help om kondisieverlies van ooie te verminder, stimuleer biesproduksie en bevorder fetusgroei.



“Graan aanvullings (stysel) verhoog egter die ooi se bloedvlakke van glukose. Weens die beskikbaarheid van glukose word meer laktose gevorm, wat biesproduksie verhoog.”.

NA-LAM PERIODE

'n Voldoende inname van kwaliteit bies binne 24 uur na geboorte is noodsaaklik vir lam oorlewing. Nuutgebore lammers het baie lae immunologiese weerstand (hypo-immunocompetent) en het min reserwes van bruinvet en lewerglikoëen vir energie en hitte verskaffing. Inname van ooi-antiliggamme en energie bronne deur middel van die bies, is dus onontbeerlik om lammers te beskerm teen na-geboorte infeksies en koue uitputting (hipotermie). Enige ingreep wat biesproduksie beïnvloed behoort dus 'n effek (positief of negatief) op lammer lewensvatbaarheid te hê.

Aanvulling van kwaliteit verbyvloei-proteïen gedurende die drie-weke-voor-lam periode het 'n stimulerende invloed op biesproduksie, veral gedurende die eerste paar uur na lam. Aangesien die eerste ure van lewe krities is vir lamoorlewing, is dit raadsaam om kwaliteit proteïen aan te vul.

By ooie met 'n hoë melkproduksie-potensiaal is die meeste ruvoere nie voldoende om aan haar voedingsbehoefte te voorsien nie. Om oormatige kondisieverlies te verhoed moet die ooie dus aanvullende energie en kwaliteit proteïen ontvang.

Voorbeelde van Proteïen-Energie lekaanvullings vir dragtige en lakterende ooie en speenlammers

Grondstof		Swak Kondisie Medium Fosfor	Swak Kondisie Hoë Fosfor	Goeie Kondisie Medium Fosfor	Goeie Kondisie Hoë Fosfor
Graan		650	650	450	450
Melassemeel		80	80	80	80
Ekstrublend		50	50	100	100
Canola-oliekoek		50	50	50	50
Sout		100 (10%)	100 (10%)	200 (20%)	200 (20%)
Econo Grazer		25	--	50	--
Veld Grazer 128		50	100	75	150
Totale kg		1005	1030	1005	1030
Aanbevole Inname					
Laat Dragtig, Ooi	g/dag	200 - 300	200 - 300	150 – 200	150 – 200
Lakterend, Ooi	g/dag	300 - 450	300 - 450	200 – 300	200 – 300
Speenlammers	g/dag	300 - 400	300 - 400	200 - 300	200 – 300
Samestelling					
ME (Herkouer)	MJ/kg	9.22	8.99	7.60	7.42
TVV	(g/kg)	618	603	508	496
Proteïen	(g/kg)	223	228	305	288
Deurvloei Proteïen	(g/kg)	39	38	42	41
Kalsium	(g/kg)	9.5	14.3	14.1	20.7
Fosfaat	(g/kg)	5.3	7.5	6.2	9.6

LUKRAKE ASPEKTE OM OOR NA TE DINK

Vervolgens word 'n paar onderwerpe bespreek waar wetenskaplike tendense en praktiese werklikhede saamgevoeg word.

Bies

'n Genoegsame voorsiening van bies binne die eerste paar ure na geboorte het 'n baie groot invloed op die oorlewing van pasgebore soogdiere aangesien bies die belangrikste voorsiener is van energie, asook die enigste bron van passiewe immuniteit en water. By skape is daar ook aangetoon dat waar daar voldoende bies in die lam se maag was, die lam se vermoë om sy ma te herken verbeter het.

Om te voldoen aan hulle behoeftes vir hitte produksie, is aanduidings dat lammers binne die eerste 18 ure van hulle lewe 180 tot 210 ml bies per kilogram geboorte massa (± 900 ml) moet inneem. Indien lammers minder bies inneem sal hulle blootgestel wees aan vrektes weens koue. Daar is selfs 'n gevoel dat hitte produksie deur lammers, weens genoegsame bies inname, ekonomies van meer belang is as die oordraging van passiewe immuniteit van die ooi af.

Energie aanvullings tydens laatdragtigheid verhoog die laktose persentasie van biesmelk. Laktose is osmoties aktief en trek water uit die bloed van die ooi wat taaiheid van bies laat afneem.

Oorvoeding van ooie

Dit is alom bekend dat oorvoeding van ooie tydens laatdragtigheid geboorte probleme tot gevolg het weens te groot lammers. Vetaanpakking in die geboorte kanaal kan ook 'n prop veroorsaak. Drukking, weens aangepakte vet om die geboortekanaal, kan aanleiding gee tot vaginale prolaps.

Aanvullings vir ooie in goeie kondisie moet dus nie vroeër as drie weke voor lam begin word nie. As ooie in baie goeie kondisie is, kan gewag word tot so laat as een week voor lam. Die positiewe effek van aanvullings op bies samestelling en produksie, veral die effek van energie, vind baie vinnig plaas.

Alternatiewelik kan inname van energie verlaag word, deur meer sout in die lek te sit. Die kwaliteit proteïen, asook vitamien en minerale, se vlakke in die lek moet egter verhoog om te kompenseer vir die laer inname. In die tabel word voorbeelde gegee van lekke vir ooie in goeie en swak kondisie.



“Daar is ook aanduidings dat hoë yster vlakke edeem kan veroorsaak weens selbeskadiging as gevolg van die pro-oksident effek van oormatige yster. Sorg dus dat ooie genoeg anti-oksidente soos vitamien E en vitamien A in hulle voer ontvang.”



Uier Edeem

Die swelling van uiers kom soms voor in die periode voor en tydens lam. Die werklike oorsake van uier edeem kon nog nie vasgestel word nie. Jonger ooie is egter meer vatbaar as ouer ooie. Daar is ook aanduidings dat sommige ooie geneties meer geneig is tot uier edeem, as ander.

Styf geswelde uiers veroorsaak dat dit vir ooie pynlik is as lammers soog. Die ooi se onwilligheid om stil te staan veroorsaak dan dat lammers te min bies (of melk) inkry. Lammers sukkel ook om effektief uit die styf geswelde spene te drink.

Moontlike oorsake sluit in oormatige inname van energie (grane), natrium of kalium in die weke voor lam. Identifisering van die oorsake is egter baie keer moeilik, aangesien 'n kombinasie van faktore die edeem kan veroorsaak. Kyk egter uit vir te hoë innames van sout (natrium) uit lekke of brak water. Oorinname van melasse moet verhoed word weens hoë vlakke van kalium. Dieselfde geld vir peulgewasse en kikuyu, wat ook hoog kan wees in kalium.

Daar is ook aanduidings dat hoë yster vlakke edeem kan veroorsaak weens selbeskadiging as gevolg van die pro-oksident effek van oormatige yster. Sorg dus dat ooie genoeg anti-oksidente soos vitamien E en vitamien A in hulle voer ontvang. Ander anti-oksidente word in die liggaam self vervaardig, maar die boublokke (proteïen, energie, koper, sink, mangaan, seleen en magnesium) moet deur die dieet voorsien word.

Weens die diuretiese effek (hoër uriene uitskeiding) van anioon soute, kan uier edeem verlig word weens die ekstra uitskeiding van water deur die ooi. Deur anioon soute te voer in die 4 weke voor lam periode, kan die intensiteit van uier edeem verminder word in situasies waar daar nie 'n oorsake geïdentifiseer kan word nie.

Fosfate in weidings

Fosfor inhoud van stoppellande is net 'n derde van groen weidings en lusern. In die tabel word daar dus hoë en medium fosfor alternatiewe vir lekke gegee. Op stoppels sal die hoë fosfor lekke meer effektief wees, maar op goeie weidings kan die medium fosfor lekke oorweeg word.

Swak ruvoer

Ooie wat swak ruvoer ontvang in die periode voor lam vreet meer om te probeer voldoen aan hulle stygende behoeftes. Die groot hoeveelhede ruvoer in die rumen, tesame met die ontwikkelende lammers, veroorsaak dat die druk op die geslagsdele verhoog. Swak ruvoer kan dus vaginale prolaps veroorsaak. Probeer dus altyd om die ooie van goeie ruvoer te voorsien tydens laatdragtigheid. Indien daar nie goeie ruvoer beskikbaar is nie sal die vlakke van byvoeding verhoog moet word om oormatige ruvoerinnames te voorkom.

Middag voeding na lam

Oor die algemeen word die meeste lammers gedurende die vroeë oggend ure (tussen 05h00 en 09h00) gebore. As voer dus in die laat middag uitgesit word, gee dit die ooie en lammers maksimum tyd om te bind. Deur hierdie praktyk toe te pas kan heelwat onnodige skeiding tussen ooie en lammers dus voorkom word.

Ekstrublend 36

Ekstrublend is 'n mengsel van plantaardige proteïenbronne wat ge-ekstreueer is. Die hittebehandeling neutraliseer anti-voedingsfaktore en verhoog die persentasie verbyvloei-proteïen. Ekstrublend word saamgestel om optimaal te voorsien aan die aminosuurbehoeftes van hoogs produserende melkkoeie. Die deurvloei komponent voorsien dus uitstekend aan ooie se behoeftes voor en na lam. Omdat Ekstrublend normaalweg 'n komponent soetlupiëne bevat, komplimenteer dit skaapvoere baie goed.

Vir meer inligting kontak gerus vir Sjoerd ten Cate by
082 380 2334

Kontak: 086 111 5362 | www.feedtek.co.za